higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N470**(A)**(N13)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

## ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede Vraestel)

(4090315)

**13 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:30–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Sakrekenaars mag gebruik word.**

**Kandidate mag VYF verwysingswerke in die eksamenlokaal inneem.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord enige DRIE vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Punte sal NIE toegeken word vir direkte kopiëring uit handboeke NIE.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

Mary Fisher versier huise met behulp van tradisionele materiale en metodes. Sy het egter onlangs besluit om moderne materiale en metodes te begin gebruik. Besoekers aan haar huis is beïndruk en wil hê sy moet hul huise versier vir troues, gradeplegtigheids- en verjaarsdagvieringe. Sy het die kontrak gekry om die plek te versier waar die Mej. Suid-Afrika 2017-kompetisie gaan plaasvind.

1.1 Verduidelik hoe elk van die volgende indirekte eksterne omgewings Mary Fisher se besigheid kan beïnvloed:

1.1.1 Ekonomiese omgewing

1.1.2 Tegnologiese omgewing

1.1.3 Internasionale omgewing

1.1.4 Kulturele omgewing

1.1.5 Verskaffers

(5 × 4) (20)

1.2 Selfbestuur is noodsaaklik om sukses in besigheid te behaal.

Verduidelik aan Mary hoe om selfbestuur te verbeter met behulp van die sewestap-benadering. (7)

1.3 Noem enige VIER gehaltebeheerstelsels wat Mary moet instel om te verseker dat haar besigheid behoorlik bestuur word. (8)

1.4 Skryf die akroniem SAID volledig uit. (1)

**[50]**

### VRAAG 2

2.1 Gee Mary raad oor hoe sy elk van die onderstaande faktore kan gebruik om haar werknemers te motiveer:

2.1.1 Werkstoestande

2.1.2 Behoeftebevrediging

2.1.3 Bestuurstyl

(3 × 4) (12)

Kopiereg voorbehou 

2.2 Watter belangrike faktore moet Mary in gedagte hou as sy pligte na 'n werknemer wil delegeer? (5 × 2) (10)

2.3 Verduidelik hoe Mary se besigheid tot die Suid-Afrikaanse ekonomie bydra. (4)

2.4 Die Departement van Arbeid het 'n waarskuwing aan alle besigheidseienaars uitgereik om die Wet op Arbeidsverhoudings na te kom tydens die hantering van werknemersaangeleenthede. 'n Paar weke ná die waarskuwing vra Mary jou hulp aangaande sommige wette.

Verduidelik elk van die volgende wette:

2.4.1 Wet op Basiese Diensvoorwaardes

2.4.2 Wet op Arbeidsverhoudings

2.4.3 Wet op Werkloosheidsversekering (WVF)

2.4.4 Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid

2.4.5 Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings- en siektes

(5 × 4) (20)

2.5 Noem VIER kostes verbonde aan die toestaan van krediet aan kliënte. (4)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Die 2010 FIFA Wêreldbeker-toernooi is deur Suid-Afrika aangebied. Sewe jaar het verloop sedert dié gebeurtenis maar die nalatenskap daarvan kan vandag nog gevoel word. Die Bafana Bafana-span van 2010 beplan om die gemeenskap van Orange Farm te help.

Identifiseer enige VYF maatskaplike bydraes wat hulle kan lewer tot die gemeenskap van Orange Farm.

(5 × 2) (10)

3.2 Stel 'n induksieprogram op vir nuwe personeel van die Bafokeng Vervaardigingsbedryf (8:30–16:30). Items moet insluit enige TWEE beleide en 'n buitelugspeletjie. (14)

Kopiereg voorbehou 

3.3 Onderskei tussen die TWEE *voorraadbeheerstelsels* in tabel-formaat.

(2 × 6) (12)

3.4

| |
|---|
| Jack en Michael is deur die Orange Ondernemingsmaatskappy opgelei. Beide werknemers is deskundiges in hul studievelde. Jack is die produksie-koördineerder en Michael is 'n elektriese tegnikus. Jack en Michael het die neiging ontwikkel om weg te bly van die werk af sodra hulle hul maandelikse salarisse ontvang het. Hul optrede beïnvloed die besigheid, insluitende ander werknemers. Die bestuur het so pas van ander werknemers verneem dat beide hierdie werknemers homoseksueel is. Hul optrede en status het veroorsaak dat die bestuur hulle afgedank het. |

Regverdig jou antwoord óf in ondersteuning van óf in protes teen die bestuur se besluit om hulle af te dank.

Dink jy die bestuur het korrek opgetree? (14)

**[50]**

**VRAAG 4**

**INKOMSTESTAAT VAN ORANGE ONDERNEMINGSMAATSKAPPY OP 31 JULIE 2017**

| | |
|---|---|
| Verkope | 15 000 |
| Minus: Koste van verkope | (8 063) |
| Bruto wins | 6 937 |
| Voeg ander bedryfsinkomste by | 4 000 |
| Totale bedryfsinkomste | 10 937 |
| Minus: Totale bedryfsuitgawes | (4 537) |
| Rente op lening | (584) |
| Netto wins voor belasting | 14 890 |
| Minus: Belasting | (1 250) |
| Netto wins ná belasting | **13 640** |

**BALANSSTAAT VAN ORANGE ONDERNEMINGSMAATSKAPPY OP 31 JULIE 2017**

| | | |
|---|---|---|
| **VASTE BATES** | | 250 000 |
| Grond en geboue | 100 000 | |
| Toerusting | 80 000 | |
| Voertuie | 70 000 | |
| | | |
| **BEDRYFSBATES** | | 40 500 |
| Voorraad | 11 000 | |
| Handelsdebiteure | 25 000 | |
| Kontant en bank | 4 500 | |
| Totale bates | | **290 500** |
| | | |
| **EKWITEIT EN LANGTERMYNLASTE** | | 283 000 |
| Eienaar se ekwiteit | | 133 000 |
| Langtermynlening | | 150 000 |
| | | |
| **BEDRYFSLASTE** | | 7 500 |
| Handels- en ander krediteure | 7 500 | |
| Totale ekwiteit en laste | | **290 500** |

Kopiereg voorbehou 

**LET WEL:** Gebruik die syfer VOOR belasting en wys ALLE berekenings.

4.1 Tot watter mate vergoed die besigheid die eienaar vir die risiko? (5)

4.2 Werk die kortermynlikiditeitsposisie van die besigheid uit.

**WENK**: Bedryfsverhouding (5)

4.3 Beskik die besigheid oor genoeg kontant om sy skuld te betaal?

**WENK**: Vuurproef, gemiddelde skuldinvorderingstydperk. Let op dat 80% van die totale verkope in kontant is. (9)

4.4 Te oordeel aan jou berekenings, was die risiko die moeite werd vir die eienaar van Orange Ondernemingsmaatskappy?

Gee TWEE redes vir jou antwoord. (5)

4.5 Op die winsdrempel is die besigheid se totale verkope (inkomste) gelyk aan die totale uitgawes. Die Varsproduktewinkel op Bloemfontein verkoop meer as een produk.

**Ekstra inligting**

(a) Vaste koste: R18 000
(b) Geweegde gemiddelde bruto wins (persentasie): 45%
(c) Koste per eenheid: R20

Bereken die volgende:

4.5.1 Winsdrempel in eenhede vir die Varsproduktewinkel (6)

4.5.2 Winsdrempel in rande vir die Varsproduktewinkel (6)

4.5.3 Winsdrempel in rande as die besigheid 'n wins van R50 000,00 wil maak (9)

4.6 Druk die belastingsbedrag uit as 'n persentasie van netto wins voor belasting.

**WENK:** Belastingsbedrag × 100/Netto wins voor belasting (3)

4.7 Wat is die brutowinsbedrag uit die inkomstestaat hier bo? (2)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou